**Portefulje: Regulerende stelsels en administrasie.**

Baie dankie vir die geleentheid om op die raad te dien. Dis nooit maklik om besluite te neem wat almal raak nie. Hierdie jaar het ek besef hoe baie keer raadslede veg om besluite ter wille van ander mense wat dit dan nooit wou hê nie!!

My opdrag wou ek graag gebruik om die bestaande reëls meer verstaanbaar te maak en om klein misverstande uit die weg te ruim waaroor die meeste onmin gewoonlik gaan.

Ongelukkig sal daar na al die moeite nog alyd foute insluip en is een klein woordjie soms nodig om bygevoeg te word sodat 'n reël vir almal duidelik lees.

Dit bly egter snaaks dat byna niemand die reëls lees totdat hy homself reg wil bewys op een puntjie nie. In 'n poging om dit makliker te maak om die verwysings tussen bylae's te volg was daar die heel jaar 'n nuwe formaat daarvan op die webblad beskikbaar maar ek kon niemand opspoor wat ooit daarin gekyk het nie.

Ten einde die tradisionele vertoners wat relatief swak verteenwoordig is op die raad te betrek het die jaarvergadering toestemming gegee dat 'n Tradisionele komitee wat al die streke verteenwoordig verkies word en dan aanbevelings aan die raad kan doen indien nodig. Die komitee was eenkeer deur my gevra om op drie spesifieke vrae te reageer en wat 5 van die 7 lede toe ook gedoen het. Hierdie aanbevelings was aan die raad voorgelê en besluite is na aanleiding daarvan geneem. Ongelukkig is hierdie raadsbesluite nooit uitgevoer nie. Na my mening juis omdat daar weereens geen tradisionele lede op hiedie uitvoerende komitees was nie en dit dus die leemte waarvoor die Tradisionele komitee vekies was net bevestig het!

Tydens die byeenkoms van die beoordelaars is daar by herhaling beklemtoon dat beoordelaars slegs op die reëls van die genoodskap kan staatmaak vir beskerming teen ongelukige vertoners. Daar is ook daarop gewys dat vertoners ook die reg het om aan te dring dat beoordelaars sal hou by die reëls en beoordelings prosedures soos in die handleidings vervat. Ons beweeg na my mening baie naby aan die grens waar vertoners die raad kan aanspreek omdat beoordelaars nie binne die genoodskap se reëls gehandel het nie.

Mag ons met minder reëls meer mense en perde gelukkig hou en die toekoms verseker. Baie dankie aan die President wat dit moontlik maak vir die raad om in 'n hartlike atmosfeer saam te werk en van menig te verskil en bereid is om sy goeie oordeel en dapperheid dikwels daarvoor gebruik het!

Verslag aan AJV 2014: Johannes Langenhoven